



PERDEKRAAL-OOS-WINDKRAGGAANLEG | NUUSBRIEF 2020



KRAG AAN DUISENDE HUISE IN SUID-AFRIKA



Ons is trots om aan te kondig dat die Perdekraal-Oos-windkragaanleg op 8 Oktober met kommersiële bedrywighede begin het. Die windkragaanleg is in die skilderagtige Witzenberg-omgewing van die Wes-Kaap geleë en sal vir 'n tydperk van 20 jaar elektrisiteit aan die Suid-Afrikaanse kragnetwerk voorsien. Die windkragaanleg sal genoeg hernubare energie opwek om meer as 110 000 Suid-Afrikaanse huise van krag te voorsien.

Plaaslike werkskepping en vaardigheidsontwikkeling was belangrike aspekte van die konstruksiefase van die projek. Meeste van die arbeidsmag wat by die konstruksie van die windkragaanleg betrokke was, is van die plaaslike gemeenskappe van Ceres, Nduli, Bella Vista en Prince Alfred Hamlet.

Dirk Swart, 'n plaaslike wyksraadslid sê: "Buiten die werk wat geskep is, het nieregeringsorganisasies ook steun geniet, veral met verligtingsprogramme tydens die COVID-19-pandemie. Die windkragaanleg het in samewerking met Bread Africa gehelp dat 'n ekstra klaskamer by 'n sentrum vir 'n vroeëkinderonwikkeling aangebou kon word om kinders met spesiale vereistes te akkomodeer."



NUWE KLASKAMER VIR BETER ONDERRIG

Die Perdekraal-Oos-windkragaanleg het saam met Breadline Africa 'n klaskamer vir kinders met spesiale leerbehoefes befonds. Die klaskamer is by die Vrolike Vinkies-sentrum vir vroeëkinderonwikkeling in Ceres.

Die sentrum sien na 24 kinders met spesiale leerbehoefes om. Met die bykomende klaskamer sal die sentrum nou meer kinders kan akkomodeer.

"Dit is 'n seëning vir ons skool, aangesien kinders met gestremdhede dikwels verwaarloos en uitgesluit word. Nou kry hulle die geleentheid om in 'n fasiliteit wat aan hul behoeftes voldoen onderrig te kan ontvang," verduidelik me. Andeline Coetzee, hoof van die Vrolike Vinkies-sentrum vir vroeëkinderonwikkeling.

Danksy befondsing van die Perdekraal-Oos-windkragaanleg en Breadline Africa kon 'n rolstoeloprit ook aangebou word.





VOLHOUBARE GROENTETUINE



Die Perdekraal-Oos-windkragaanleg het befondsing vir tien volhoubare groentetuine beskikbaar gestel. Dit is ter ondersteuning van die departement van landbou se veldtog om voedselakeurheid in gemeenskappe te verbeter.

Die groentetuine is by skole, huise, 'n kerk en twee kleinboewes in die Witzenberg-munisipaliteit geleë.

Die breër gemeenskap sal direk uit hierdie projek baat. Die groente wat geoes word sal deur bestaande sokkombuise en 'n plaaslike crèche gebruik word om daaglikse maaltye voor te berei. Die surplusvoorraad sal in die gemeenskap verkoop word.

Saailinge, sade en toerusting word voorsien. Twee groentetuin-koördineerders sal help om na die 11 groentetuine om te sien.

Die departement van landbou het die begunstigdes opgelei en watertanks aan hulle voorsien.



SOPKOMBUISE OM DIE GEMEENSAP TE VOED

Toe bibberweer onlangs op die Wes-Kaap toegesak het kon warm maaltye daaglik aan 500 inwoners van die gemeenskappe van Bella Vista, Nduli, Vredebes, Prince Alfred Hamlet en Ceres voorsien word. Die voedingsprojek word deur plaaslike nieregeringsorganisasies, met behulp van die Perdekraal-Oos-windkragaanleg gedryf.

Witz Events Network is een van drie plaaslike nieregeringsorganisasies wat met die voedingsveldtog genaamd "Feeding our Communities with Hope" help.

"Met COVID-19 het baie mense vergeet van al die honger magies en gefrustreerde arm gesinne in ons gemeenskappe. In sommige gevalle moes oumas planne maak om te sorg vir die volgende bord kos op die tafel. Die befondsing help nie net mense te voed nie, maar ook om hul waardigheid en hoop te herstel," sê Warrick Alexander.

